Vol 8(1), Feb 2010



# InfoForum

## Nuusbrief van die Potchefstroomkampus-Biblioteke


NWU

IN DIE UITGAWE:

Bladsy
1 - Welkom terug!
1 - Navorsingsportaal
1 - Reaxys
2 - E-boekleser
2 - Bestelprosedure
2 - Facebook
3 - IEEE Explore
3 - Bronnelyste
3 - My Lists
4 - Harde werk beloon
4 - DBText databasisse
5 - Personeelsake
6 - Personeel aktiwiteite
6 - Opleidingslokale

## Welkom terug!

Ons is so bly dat die kampus weer lewe. Welkom alle eerstejaars en seniors! Die Biblioteek wil julle graag ondersteun. Met die regte inligtingshulp gee ons vir julle die nodige hupstoot om te kan presteer. Via die biblioteekwebblad kry jy toegang tot wetenskaplike inligtingsbronne, elektroniese proefskrifte en verhandelinge, eksamenvraestelle, e-woordeboeke en veel meer. Vra net by die Inligtingstoonbank - jou magtigste wapen om te oorleef in die akademie is die biblioteekpersoneel!




Biblioteek bekendstellingsvideo op YouTube

## Navorsingsportaal

Die Biblioteek het 'n navorsingsportaal beskikbaar gestel op die webwerf om personeel en studente behulpsaam te wees tydens hulle navorsingsproses. Volg die skakel direk na die webblad http://www.nwu.ac.za/library/research_a.html. Die doel van die portaal is om inligting te verskaf oor biblioteekdienste en -bronne wat spesifiek vir navorsers van belang sal wees.

Op dié blad kan skakels gevind word na die volgende inligting:

Impakfaktore

Proquest Theses & Dissertations


Geakkrediteerde tydskrifte

Handleiding vir nagraadse studie

Afkortings vir tydskriftitels

RefWorks


Nexus




Elsevier se Reaxys databasis is die opvolger van die Crossfire Beilstein and Gmelin databasis. Reaxys is 'n intuïtiewe, gebruikersvriendelike, webgebaseerde platform, waarmee in Beilstein, Gmelin en die Patent Chemistry Database (PCD) gesoek kan word na eksperimenteel gevalideerde data in organiese, organometaal en anorganiese chemie. Reaxys stel jou in staat om volgens struktuur, reaksie, teks en eienskappe te soek. 'n Nuwe, unieke eienskap sluit 'n sintese beplanner in en is waardevol en relevant vir veral sintese chemici en geneesmiddelnavorsers.

Videos: http://www.info.reaxys.com/training-center

## E-boekleser



Teen die einde van 2009 het die Biblioteek sy eerste ware e-boekleser, die Kindle (versprei deur Amazon.com ) aangekoop. Hierdie wonderwerkie is so groot soos 'n tipiese sagtebandboek, en daar kan tot 1 500 titels daarop afgelaai word. Om 'n nuwe titel tot die versameling toe te voeg, gaan jy bloot m.b.v. die 3G-konneksie direk na die Kindle "store" , maak 'n keuse uit die bykans 400 000 titels, verskaf jou kredietkaartinligting en 60 sekondes later kan jy begin lees!

Die skerm vertoon selfs in direkte sonlig geen weerkaatsing nie en is baie sag op die oë. Die teksgrootte kan verstel word. Boonop beskik die Kindle ook oor 'n "Read-to-me" funksie wat jou in staat stel om na die boek te luister. Die New Oxford American dictionary met meer as 250 000 inskrywings is deel van die pakket, asook toegang tot Wikipedia. PDF-lêers kan ook van jou rekenaar hierop afgelaai word.


Daar kan tot 'n week lank gelees word met 'n enkele laai van die battery.

Sedert 2010 is die ouboet, Kindle DX ook beskikbaar in Suid-Afrika. Dit beskik oor 'n groter skerm en het ' n kapasiteit van meer as 3 500 boeke.

## Bestelprosedure

- Boekaankondigings en uitgewerskatalogi word op 'n gereelde basis aan die verskillende vakgroepe uitgestuur.
- Elke vakgroep het 'n biblioteekverteenwoordiger wat verantwoordelik is vir die uitbreiding van hul biblioteekbronne.
- Aanbevelings kan per interne pos (Bussie 484) of e-pos aan die Aanskafafdeling gestuur word (jubrie.oosthuizen@nwu.ac.za of christine.schutte@nwu.ac.za).
- By ontvangs van die aanbevelings word daar eerstens gekontroleer of daar voldoende fondse is vir die aankoop van die materiaal.
- Daarna word daar besitkontrole gedoen om vas te stel of die Biblioteek nie alreeds die item besit nie, ons kontroleer of dit nog in druk is en ook wat die prys daarvan is.
- Die bestellings word dan geplaas en ons ontvang die boeke na ongeveer 4 tot 6 weke.
- Indien 'n bron dringend benodig word, kan dit per e-pos aangevra word by Jubrie Oosthuizen (jubrie.oosthuizen@nwu.ac.za ) of Christine Schutte (christine.schutte@nwu.ac.za).




Die regsbibliotekaris het vir die 4de jaar LLB-studente 'n facebook-groep gestig. Facebook is 'n aanlyn sosiale netwerk met meer as 175 miljoen gebruikers. Studente is van die voorste gebruikers van hierdie sosiale netwerk.

Die doel is dus om voordeel te trek uit facebook in 'n biblioteekomgewing en om die Biblioteek in hierdie groep studente se facebook-spasie in te stoot en so gebruik te maak van "push pull technology".

Studente word in hierdie groep op hoogte gebring van nuwe hofsake, wette ens. Daar is ook vir hulle skakels om direk na hierdie inligting te kan gaan. Die reg is nie 'n statiese vakgebied nie. 'n Student wat sodoende op hoogte bly van veranderinge in sy vakgebied, dit dadelik toepas op sy studies en dalk nog 'n dosent of twee verras.

Die studente kan ook maklik met die bibliotekaris kontak maak en dit stel die Biblioteek aan hulle bekend as 'n vriendelike ruimte wat maklik toeganklik is. Mens kan die voordeel hiervan in drie Engelse woorde saamvat: "engage, interact, feedback".







Die Biblioteek is vanaf Desember 2009 ingeteken op IEEE Xplore. IEEE Xplore is 'n databasis wat volteks toegang bied tot oor 'n miljoen artikels uit meer as 12 000 individuele publikasies, en is van waarde vir navorsing in ingenieurswese, rekenaarwetenskap, elektronika, chemie, fisika en wiskunde. Hierdie bron bied toegang tot die literatuur van:

- IEEE tydskrifte, transaksies en nuusbriewe vanaf 1988 met geselekteerde inhoud vanaf 1913
- IEEE konferensiereferate vanaf 1988 met geselekteerde inhoud vanaf 1953
- IEEE standaarde vanaf 1948
- IET (die nuwe naam vir die IEE) tydskrifte en nuusbriewe vanaf 1988 met geselekteerde inhoud vanaf 1965
- IEEE boeke vanaf 1974+
- IET konferensiereferate vanaf 1988+

Gebruikershandleiding http://ieeexplore.ieee.org/guide/g_oview_guidepdf.jsp




## Bronnelyste - rol van die Biblioteek

As deel van die ondersteuning wat die Ferdinand Postma-Biblioteek aan studente en personeel bied, help ons graag met advies oor bibliografiese styl. Hierdie hulp sluit byvoorbeeld in die boekie getiteld 'Verwysings' (of die Engelse weergawe 'Quoting Sources') wat deur die Biblioteek gepubliseer en bemark word, asook die RefWorks-pakket waarop ons inteken is en waarvoor opleiding verskaf word.

Die vakbibliotekarisse in die afdeling Inligtingsdienste en in die verskillende takbiblioteke is ook toegerus en bereid om op beperkte skaal te help met die bronnelyste van proefskrifte, verhandelinge en ander akademiese geskrifte. Daar is egter 'n paar beperkings:

- Bibliotekarisse help graag met die opspoor van inligting en met verdere hulp om dit ten beste te gebruik. Hulle is egter nie navorsingsassistente nie.
- Die inhoudelike volledigheid, korrektheid en toepaslikheid van verwysings en items in 'n bronnelys is die verantwoordelikheid van die student self en van die leier of promotor wat haar of hom begelei. Biblioteekpersoneel is slegs bevoeg en bereid om te help met die tegniese korrektheid oftewel formaat van verwysings en bronnelyste. Ons sal dus geen soektogte in elektroniese of gedrukte bronne doen om te kyk of verwysings volledig is of om dit te korrigeer nie.
- Ons kundigheid en advies is beperk tot die sogenaamde Harvard-styl soos dit in 'Verwysings' uiteengesit word. Oor ander style wat in bepaalde fakulteite of skole voorgeskryf word, sou ons slegs baie beperkte hulp kon lewer.
- Ons help graag met die nasien van een of hoogstens twee bladsye van 'n bronnelys. Ons glo dat ons daardeur die leiding gee om 'n student in staat te stel om verder self hierdie deel van haar of sy noodsaaklike akademiese vaardighede te beoefen.

Tom Larney
Direkteur Biblioteekdienste




## Nuwe katalogus funksie - "My List"

In 'n vorige uitgawe het ons u gewys hoe om rekord te hou van alle boeke wat deur u uitgeneem is. U moes die opsie aktiveer (lees hier hoe). U kan nou 'n lys van bronne wat nog nie uitgeneem is nie bêre vir latere gebruik. Indien u in die katalogus op 'n interessante bron afkom wat nie nou van toepassing is nie, kan u die rekord berg in "My List" en later terugkom daarheen. Dié voorstelling verduidelik hoe.

## Harde werk beloon

Die Biblioteek is die virtuele en ook die fisiese ruimte waar studente en personeel ondersteun word in hul strewe na kennis . Dit spreek dus vanself dat daar in die Biblioteek onder die personeelgeledere altyd persone sal wees wat hul kennis wil verbreed en daarom aan die studeer raak. Verlede jaar is twee van die personeellede se deursettingsvermoë en opoffering beloon met die verwerwing van grade.

Tom Larney, die direkteur van Biblioteekdienste op die Potchefstroomkampus, het in September 2009 'n doktorsgraad in die Fakulteit Teologie verwerf. Die titel van sy proefskrif is: Die gesin as primêre geloofseenheid in 'n postmoderne konteks: 'n pastorale studie. In die proefskrif fokus dr. Larney op die rol wat die gesin in die postmoderne tyd het ten op sigte van die geloofslewe van die gesin, die uitdagings waarmee die gesin gekonfronteer word as primêre geloofseenheid en ook die manier hoe gesinne pastoraal deur die kerk begelei kan word. Prof. G. A. Lotter, promotor, sien die waarde van die proefskrif onder andere daarin dat die belang van die gesin en die verband met die kerk aangedui word en dat daar praktiese riglyne verskaf word oor hoe die gesin as geloofseenheid kan funksioneer in 'n postmoderne konteks.



Ambrose Lekoma is sedert 2004 werksaam by die Biblioteek, eers as rakassistent en sedert 2005 as klerk by die Aanskaf en Prosesseringsdepartement. Mnr. Lekoma het nadat hy in die Biblioteek begin werk het, besluit om te studeer en het hom ingeskryf vir die graad BSc met hoofvakke Psigologie en Rekenaarwetenskap. Einde 2009 het mnr. Lekoma eksamen afgelê in die laaste modules van sy kursus en Desember gehoor dat hy suksesvol was en geslaag het. Die graad B.Sc. sal aan hom toegeken word in Maart 2010.

Ons gelukwense aan albei kollegas en hulle families.

INMAGIC®

Meeste van ons personeel op kampus onthou die welbekende blou, groen en rooi gesig van die DOS gebaseerde Inmagic databasis-program. Almal was ook bekend met die hoogs-gebruikte RSAT-databasis. Vandag, meer as 25 jaar later, word die Windows weergawe program nog steeds met veel vrug op kampus gebruik en staan bekend as: Inmagic® DB/TextWorks®.

Dit is 'n spesiale kombinasie van databasis- en kragtige teks opsporings-sagteware wat gebruikers in staat stel om databasisse te bou en diverse tipe inligting soos dokumente, multimedia, afbeeldings en foto's te bestuur en te orden.

'n Databasis op DBText/Works kan enige inligting bevat en die ontwerp hang af van spesifieke of unieke behoeftes. DBText-velde kan volteks, opsommings, datums, nommers en selfs berekeninge hanteer. Onbeperkte hoeveelheid inligting kan ingelaai word, van 'n 50 woord-memo tot 'n 50 bladsy-voorstel.

Met die toevoeging van die DB/Text® Web Publisher Programmatuur stel dit die Biblioteek in staat om databasisse op die Internet/Intranet te ontplooi en web-toeganklik te maak vir afkampus-gebruik.

Die Biblioteek het oor al die jare die program ook vir kampusgebruik beskikbaar gestel, ondersteuning en opleiding verleen en wil graag daarmee voortgaan.




Nog heelwat aktiewe databasisse word op hierdie program bedryf waaronder van die bekendstes:

- NWU eksamenvraestelle
- Geakkrediteerde tydskrifte
- Nuwe Biblioteek-aanwinste
- BATL: Bibliografie van die Afrikaanse Taalkunde
- THRHR indeksering
- Galery: indeksering en beskrywing van PUK-kampus kunswerke
- Argief: Verskeie databasisse
- Kerk: Tydskrifartikels van die GKSA
- Potchefstroomkampus notules



## Personeelsake

*Die Biblioteek verwelkom graag die volgende nuwe personeel*



Bernie Swarts
Opvoedingswetenskappe-Biblioteek



Izette Minny
Leendienste



Maggie Melk
Leendienste




Moses Seleke
Administrasie



Patrick Moeng
Administrasie



Seka Sizani
Inligtingstelsels



Surita Lessing
Leendienste


*Personeel wat na ander afdelings in die Biblioteek verskuif het*



Israel Gaanakgomo
Aanskaf en Prosessering



Lezelle Snyman
Inligtingsdienste




Tshepo Kalanko
Opvoedingswetenskappe-Biblioteek



Zainneth Claasen
Leendienste

*Ons neem afskeid van*




Marthie Lotter
Opvoedingswetenskappe-Biblioteek


*Personeel wat langdienstoekennings ontvang het*




Elize van Eldik
10 jaar diens



Anna-Marie Bisschoff
20 jaar diens




Anneke Coetzee
20 jaar diens




Israel Gaanakgomo
20 jaar diens




Henriëtte Groenewald
20 jaar diens



Helena Brand
25 jaar diens



Solomon Manone
25 jaar diens



Mariana Lourens
35 jaar diens

## Personeel aktiwiteite

**Dr. Tom Larney**, **Marieta Buys**, **Retha Badenhorst** en **Elize van Eldik** het Sabinet se "Annual Regional Meeting" op 20 Julie 2009 by die Johannesburgse Country Club in Woodmead bygewoon waartydens Sabinet vertel het van al hulle nuwe produkte en verbeterings op reeds bestaande produkte.

**Suzette Janse van Rensburg** was by die RDA-kursus (Resource Description and Access) wat gehou is vanaf 22 - 24 Julie 2009 by die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Pretoria. RDA gaan die nuwe katalogiseringstandaard word en sal waarskynlik in 2009 die huidige AACR2 : Anglo-American Cataloguing Rules vervang.

**Christine Schutte**, **Jubrie Oosthuizen**, **Erika Rood**, **Louise Vos** en **Marieta Buys** het die "Effective Business Writing" kursus op 25 en 26 Augustus 2009 in Potchefstroom bygewoon.

**Louise Vos**, **Hester Spoelstra**, **Erika Rood** en **Elize van Eldik** het die "GAELIC and Friends Marketing Fair" op 11 September 2009 by die Nasionale Biblioteek van Suid-Afrika in Pretoria bygewoon.

**Christine Schutte** en **Marieta Buys** het vanaf 28 September tot 2 Oktober 2009 die LIASA-konferensie in Bloemfontein bygewoon.

**Corrie Breitenbach** en **Carine Basson** het vanaf 11-13 November 2009 die 8ste jaarlikse IUGSA (Innovative User Group: South Africa) konferensie in Port-Elizabeth bygewoon. Albei het voorleggings daar gelewer. Corrie het oor "Circulation Activity reports" gepraat en Carine oor "ERM coverage load without CASE". Albei voorleggings is gunstig ontvang. Carine is ook verkies as addisionele lid van die nuwe IUGSA bestuur.

**Mietsie Harman** het op 4 September 2009 'n brandbestrydingskursus bygewoon en was op 26 November 2009 by die "Gaelic Summer Training Camp" wat op die WITS-kampus gehou is.

## Opleidingslokale

Die Biblioteek stel twee opleidingslokale, nl. *Besembos* en *Tarentaal*, beskikbaar vir gebruik deur personeel en studente. Kontak gerus vir Ria Adelaar by 018 299 2802 indien u hulle wil bespreek.


Tarentaal


Besembos

*Artikels saamgestel deur: Christine Bronkhorst, Corrie Breitenbach, Elize van Eldik, Jubrie Oosthuizen, Louise Vos, Louw Venter en Suzette Coetzee*
*Redakteur: Elize van Eldik · E-pos: Elize.VanEldik@nwu.ac.za · Tel: 018 299 2812*
*InfoForum is op die web beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/library/newsletter/potch/index_a.html*